KONTAK NOMMERS

LERAAR
Ds Johan Nel
0125424712 / 0760656347
neljohan5704@gmail.com

BREE KERKRAADSKRIBA
Dirk Pelser
0828148331

KERKRAADSKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

KANTOOR

Ina du Plessis
Kassier & Attes-Skriba
Tel 012-5424614
Faks 086 621 9735
gkakasia@lantic.net
Kantoorure 8:00-14:00
Maandae - Vrydae
Sel nr 082 760 3007
iduplessis99@gmail.com
012-5424968 na ure

KERKRAAD DIENSGROEPE

Administrasie
Tinus van Wyk
012-5423963 / 0828590554
Beplanning en Bediening
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347
Bewaring en Herwinning
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464
Bybelstudie
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347
Eiendom
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347
Emosionele Ondersteuning (BvR)
Floors Pelser
012-5422970 / 0721295923
Finansies
Christo Borstlap
0829018361
Fondsinsameling
Kobus Theron
012-5422933 / 0836091471
Gasvryheid
Floors Pelser
012-5422970/0721295923
Gebed
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347
Jeug
Belydend
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Skoolgaande
Suzette Pëtersen
0845150523
Katkisasie
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464
Kommunikasie
Dirk Theron
0722729652
WEBADRES:
www.gkerkakasia.org.za
Jaco Theron
0723599078
Lektuur
Paul Kruger
0836566299
Musiek
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Ontspanning
Senior lidmate
Simon Lessing
012-5422292/0727508653
Toerusting
Ds Johan Nel
012-5424712/0760656347

DIAKONIE

Voorsitter
Bettie Kruger
0848404222
Skriba
Dirk Theron
0722729652
Finansies
Dirk Pelser
0828148331
Onderstand
Tuané Pëtersen
0844393673
Kinderhuis
Danie Pelser
0764678825
Funksies, Projekte
Jaco Theron
0723599078

SUSTERS

Voorsitter:
Manda Nel
012-5424712
Sekretaresse:
Franci Dreyer
012-5423562/0825426369
Tesourier:
Hetta Viljoen
0125423326/0731939017
Begrafnisse:
Martie Bishop
012-5422566/0835914171

NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 6
19 FEBRUARIE 2017



OGGENDDIENS 9:00

Lees: Eksodus 14:10-14, Lk. 24:13-27, Joh.14:1-3, Jesaja 55:12,13
Kernverse: Jes.55:12,13
Tema: Glo in God – Hy maak sy beloftes waar selfs wanneer uitkoms onmoontlik lyk.
Sang: Ps.84:1, Ps.150:1,2; Skr.12-3:1,2; Ps.32:1; Ps.23:3; Ps.116 (tafel); Ps.66:6,7

Opsomming: 1. Omstandighede waar uitkoms onmoontlik lyk. Jes.55 is deel van die profesie wat oor Juda se verlossing uit ballingskap gaan. Juda se omstandighede het hopeloos gelyk. Ons as gelowiges bevind ons dikwels in omstandighede waar uitkoms onmoontlik lyk. **2. God se beloftes.** Juis in hierdie moeilike omstandighede stuur God sy profeet om die belofte van uitkoms aan Juda te verkondig. Met nagmaal verkondig God ook aan ons die belofte van uitkoms – vergewing van sondes, vryspraak van alle straf en oordeel en ‘n lewe in ewige hemelse heerlikheid. **3. Die vervulling van sy beloftes in Christus.** Die brood en wyn tydens nagmaal wys na Christus. Christus het al God se beloftes van genade vir sondaarmense vervul, dit is waar gemaak. **4. My gelowige hart vol dankbare verwondering.** Tydens nagmaal kan ek alleen met ‘n gelowige en dankbare hart vol verwondering voor God staan. Ek is volmaak vergewe! Ek is volmaak vrygespreek! Ek het die ewige lewe! Glo dan in God wat dit alles gee, sonder enige verdienste van my kant

af, net uit genade deur Christus.

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)

By die deure: Oggend: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)
Vanaand: Instandhouding van kerk en erediens
Sp Kollekte:
26 Februarie: GKSA Emeritaatsversorging
5 Maart: GKSA Emeritaatsversorging
12 Maart: GKSA Sustentasie
26 Maart: GKSA Dankbaarheidsfonds (150jr)

BYBELSTUDIE

Amandasig: Donderdag 2 Maart 2017 (10:00) Huis Nr 37. Kontak Annatjie Briel 0125656046/+27723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

Eden: Dinsdag 21 Februarie 2017 (09:30) by Martie Jansen van Vuuren Kontak: Dina Leibowitz 0125425141/ +27833204566 (1ste en 3de Dinsdag van die maand)

Snr 2000: Dinsdag 28 Februarie 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 28 Februarie 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

BEWARING EN HERWINNING

Die Bewaring- en herwinningsdiensgroep vergader DV Sondag 26 Februarie na afloop van die erediens. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak word uitgenooi om die vergadering by te woon. Die diensgroep versamel, sorteer en lewer herwinbare items af sodat dit verwerk kan word vir hergebruik. Ons het ‘n Bybelse roeping tot die bewaring van die omgewing. Ons maak ‘n verskil aan ons omgewing al is dit hoe klein omdat elke item wat by die kerk afgegee word vir herwinning help dat minder grond aan stortingsterreine afgestaan word, die onmiddelike omgewing nie ontsier word nie, minder grondstowwe en elektrisiteit vir die vervaardiging gebruik word en dus minder lugbesoedeling veroorsaak.
Ons vra dat lidmate steeds ons pogings ondersteun deur die volgende herwinbare items kerk toe te bring en in die houers soos volg geplaas word: ○A4 - wit papier: by die verhoog in die kerksaal, ○ander papier en glasbottels: in die onderskeie houers langs die omheining van die huurhuis, ○broodsakkieknopies en plastiek bottelproppies: by die verhoog, ○skoon plastiekbottels en alliminiumkoeldrank en –bierblikkies: in die houers wat daarvoor gemerk is by die buitewasbakke.

STOOMTREIN NA CULLINAN

Die Seniorlidmate Diensgroep organiseer 'n treinrit na Cullinan DV op Donderdag 27 April 2017. (Dis 'n vakansiedag). Koste beloop : R 275 pp vir volwassenes ; R225 pp vir pensioenarisse (bo 65) ; R175 vir kinders en R125 vir kleuters. Vertrek 08:00 vanaf Hermanstad en terug ongeveer 18:00. Daar's veilige parkering by vertrekpunt. Alle lidmate welkom om saam te reis. Kontak asb so spoedig moontlik vir Simon Lessing (542 2292). Ons wil graag nie later as Sondag 26 Februarie weet hoeveel lidmate gaan meemaak. (Daar's afslag ter sprake indien ons meer as 15 is).

VRYDAG KOMBUIS

Spyskaart: Worsrolle R22; Sosatierolle R25 (Bees of hoender); hoenderstukke R25-00 Hamburger R30.
Bestellings kan geplaas word by enige van die volgende adresse/ nommers:
Roelf Jansen van Vuuren vuurenlin@gmail.com / 0828011824
Ina du Plessis iduplessis99@gmail.com / 0827603007 of gkakasia@lantic.net

Die projek se inkomste is vir agterstallige ramings

Huis Eljada (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont)

Tans word daar vir 14 gesinne (38 mense) die Woord, kos, klere en ander hulpmiddels voorsien om hul swaarkry te help verlig. Hulp word benodig met die talle daaglikse bedrywighede, soos berading, hulp met kinders se huiswerk (veral wiskunde) na skool, vervoer van goedere vanaf skenkers wat dit nie self kan bring nie, naaldwerkprojekte soos die gebedskussings en drasakke, en in die kombuis met die inlê van die beet, aartappels, pasta en mostert. Ook moet die klereskenkings sorteer en verwerk word. Verder moet kospakkies saamgestel word, kos voorberei en mense vervoer word. Skoolklere en skryfbehoeftes word benodig aangesien leerders nie sinvol kan deelneem en take voltooi omdat hulle nie die nodige tot hul beskikking het nie. Die volgende word dringend benodig: suiker, koffie, broodsmere - konfyt, bovril, margarien en kookolie, pasta - makaroni, spaghetti NB!! HET BAIE RYS,blikkies - bully beef en groente (het genoeg vis), eiers en koekmeel. Lidmate wat hulp wil aanbied kan die tehuis kontak by 012 377 0503 / 060 984 0809(Annatjie) of 079 377 5711 (Petro). Items kan ook by die verhoog in die kerk geplaas word gemerk vir Huis Eljada.

LEKTUUR

In die Mediateek 108

Boek: Hemel, hel en nuwe Jerusalem – VE d'Assonville

Wat mag ons weet van die hemel en die hel? En van die nuwe Jerusalem waar God se kinders eendag sal woon? Net wat die Bybel ons vertel. En geen eie bespiegelings nie.

Prof Victor d'Assonville vertel in hierdie boekie dat die Bybel tog heelwat oor hierdie onderwerpe te sê het. Hy neem die leser op 'n speurtog na hierdie begrippe dwarsdeur God se Woord.

En soos 'n goeie speurder kom hy op talle interessante gegewens af:

- Vir die gelowige om van te geniet
- Vir die ongelowige 'n verskrikking

Vir diegene wat spekuleer en verdraai, 'n beskaming.

MEELEWING

Pieter Henning is steeds in Steve Biko. Lenie self is onder doktersbehandeling. (D2, 0125427622 / 0835220556)
Martie Strydom sterk tuis aan. (D2, 0824134752)
Pierre Prinsloo het die afgelope week weer vir toetse gegaan. (B3, 0832822326)
Lucas Dreyer is steeds in die intensiewe sorgeenheid, Eugene Marais (A4, Susan 0125422253 / 0761035571)
Louis van Wyk se toetse wys dat sy gesondheid baie verbeter het. (D5, 0824672589)

Ons dra julle steeds aan ons genadige Vader in die hemel op en dank Hom saam met julle vir sy genade elke dag.

VERJAARSDAE Gelukkige verjaardag!

Geb dat	Noemnaam	Van	Wyk	Landlyn	Selfoon
19/02	**Madrie**	**Venter**	**B4**		**0834424157**
21/02	**Antoinette**	**Kruger**	**B3**	**0125490558**	**0832359088**
21/02	Schalk	Roos	1	0125270064	0825605992
22/02	**Manda**	**Nel**	**D3**	**0125424712**	**0760656347**
22/02	Bianca	Malan	B2		0833005847
22/02	Thalitha	De Jongh	C4		0826037298
25/02	Cecile	Oeschger	D5		0825498957

Ek bid spesiaal vir jou!
Jy wat swaarkry,siek is, verlore voel, moedeloos is, hartseer is, smart moet verwerk, eensaam is, ''n onseker toekoms het - Ek dra joú op aan die Here
HY WEET VAN JOU!
Juwele uit die hart

FINANSIES

. My dankoffer: Wat verwag die Here van my?

Om dankoffers te gee, is ‘n opdrag van die Here, ons Verbondsgod. Die vraag is: Wat verwag die Here van my as dit by my dankoffer kom?

Die Here verwag dat ek my dankoffer aan Hóm sal gee. My dankoffer is dus nie “’n bydrae vir die kerk nie.” Inteendeel! Ek gee my dankoffer aan die Here, omdat ek uit my hart dankbaar is, vir al die geestelike en liggaamlike seën wat ek elke dag van
Hom ontvang.
Die Here verwag dat ek my dankoffer met ‘n hart vol liefde vir Hom sal gee. Sonder ‘n hart wat brand van liefde vir God, is my dankoffer bloot ‘n uiterlike daad met geen waarde nie. Die Here verwag daarom van my ‘n dankoffer elke keer uit my hart.
Die Here verwag dat ek vir Hom sal vra, watter dankoffer Hy van my wil hê en my dankoffer soos Hy wil, aan Hom sal gee. My dankoffer is nie ‘n willekeurige daad soos en wanneer dit my pas nie. My dankoffer is ‘n opdrag van ons Verbondsgod, daarom gehoorsaam ek Hom en gee my dankoffer aan Hom soos Hy wil.
Die Here verwag dat my dankoffer die beste sal wees wat ek vir Hom kan gee. My dankoffer is nie bloot een van my maandelikse finansiële verpligtinge nie. My dankoffer is my offer aan ons Verbondsgod. Hy is die belangrikste in my lewe, daarom gee ek die beste dankoffer wat ek kan.
Die Here verwag dat ek my dankoffer gereeld sal gee, sodat sy Woord gereeld bedien kan word tot opbou van sy kerk en tot uitbreiding van sy koninkryk.

Wanneer ek my dankoffer met die hulp en leiding van die Heilige Gees en volgens God se Woord gee, sal ek my dankoffer gee soos ons Verbondsgod van my verwag.

BANKBESONDERHEDE

Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA Lopende rekening: 060340889 (632005)
Verwysing: Voorletters, Van en Lidnommer
Inbetalings sonder verwysings word aanvaar as dankoffers, Anoniem

KALENDER

Vandag: Kategete; Wyksverteenwoordigerbyeenkoms; Nagmaalete
Saterdag: Diakonie: Inryfliek
Volgende Sondag: Bewaring en Herwinning
Maandag 27/2: Emosionele Ondersteuning
Donderdag 2/3: Seniorlidmate: Ruit
Saterdag 4/3: Susterssaamtrek
Sondag 5/3: Toerusting
Donderdag 9/3: Seniorlidmate: Ete
Saterdag 11/3: Diakonie: Ontbyt Kinderhuisprojek

SUSTERS

Teebeurte
Februarie: C3 en C4 Maart: C5 en C6 April: C7 en D1

Gemeente-ete
‘n Gemeente-ete word Sondag 19 Februarie na afloop van die nagmaaldiens in die kerksaal aangebied. Lidmate wat die ete wil bywoon, bring ‘n vleis- en bygereg wat op ‘n gesamentlike tafel geplaas word, eie eetgerei en drinkgoed. Nagereg word deur die susters voorsien. Indien jy die ete wil bywoon, skryf assebklief jou naam op die lys op die susterskennis-gewingbord, sodat getalle bepaal kan word vir die maak van die nagereg.

Wykverteenwoordigerbyeenkoms
Alle wykverteenwoordigers word herinner aan die vergadering DV Sondag 19 Februarie direk na die nagmaaldiens in die moederskamer naby die kombuis. Die vergadering sal ongeveer ‘n halfuur duur. Nuwe handleidings vir 2017 sal uitgedeel word.

Huis Hermon
Huis Hermon in Pretoria Noord is een van die Residentia stigting (wat 'n Christelike diens-organisasie is) se sentrums vir die versorging van bejaardes en verswakte bejaardes. Die matrone van Huis Hermon bedank lidmate wat reeds skenkings gegee het. Gebruikte linne (insluitend handoeke) word benodig asook inkleurboeke, kleur- en vetkryt. Die items kan in die kerk by die verhoog geplaas word (gemerk vir Huis Hermon). Andersins kan dit afgegee word by 469 Genl De Wetstraat, Pretoria- Noord